Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V2

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye, 'n formuleblad en 'n 12 bladsy-antwoordeboek.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | BTW en Krediteure-rekonsiliasie | 30 | 25 |
| **2** | Kosterekeningkunde | 40 | 30 |
| **3** | Voorraadwaardasie | 40 | 30 |
| **4** | Begrotings | 40 | 35 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

**VRAAG 1: BTW EN KREDITEURE-REKONSILIASIE (30 punte, 25 minute)**

1.1 **BELASTING OP TOEGEVOEGDE WAARDE (BTW)**

**GEVRA:**

Die inligting het betrekking op Comfort Handelaars vir die BTW-periode geëindig 31 Januarie 2025. Die BTW-koers is 15%. Karen Botha is die eienaar van die besigheid. Die besigheid se gemiddelde verkope is R150 000 per maand.

**GEVRA:**

1.1.1 Bereken die BTW-bedrae in die tabel wat in die ANTWOORDEBOEK verskaf word. Dui die effek aan van ELKE item op die bedrag aan SAID betaalbaar. Toon 'n vermeerdering met 'n '**+**' en 'n vermindering met 'n '**–**'. 'n Voorbeeld is voltooi. (10)

1.1.2 Karen wil haar besigheid as 'n BTW-handelaar deregistreer omdat sy nie by die BTW-sperdatums vir indiening van opgawes kan hou nie.

Wat sal jou raad aan Karen wees? Noem EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

**A.** Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Januarie 2025, R51 500.

**B. Transaksies vir Januarie 2025:**

| NR. | BESONDERHEDE | BTW UITGESLUIT (R) | BTW INGESLUIT (R) | BTW-BEDRAG (R) |
|---|---|---|---|---|
| **Voorbeeld** | **Onttrekking van voorraad** | **6 000** | **6 900** | **900** |
| (i) | Goedere aangekoop | | 221 720 | **?** |
| (ii) | Kredietnotas aan klante uitgereik | 12 000 | | **?** |
| (iii) | Totale verkope | | *187 795 | **?** |
| (iv) | Oninbare skulde afgeskryf | | | 765 |

***Sekere goedere, met 'n totale verkoopprys van R21 275 (BTW ingesluit), moes as nulkoersitems opgeteken gewees het.**

1.2 **KREDITEURE-REKONSILIASIE**

Epson Handelaars het 'n rekeningstaat van 'n krediteur, Canon Verskaffers, ontvang. Die saldo op dié staat het nie met die saldo in Canon Verskaffers se rekening in die Krediteuregrootboek van Epson Handelaars ooreengestem nie.

**GEVRA:**

1.2.1 **Verwys na Inligting A, B en C.**
Gebruik die tabel verskaf om veranderinge aan te dui van die:

- Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Epson Handelaars
- Rekeningstaat ontvang van Canon Verskaffers

Skryf die bedrag en dui by elke bedrag 'n vermeerdering (+) of 'n vermindering (-) aan. (14)

1.2.2 **Verwys na Inligting D.**

Daar is gevind dat Senzo, die aankoopbestuurder, 'n fiktiewe faktuur geteken het wat van Prime Verskaffers ontvang is. Sy seun se bankbesonderhede het op hierdie faktuur verskyn. Die toepaslike betaling is deur die finansiële afdeling gedoen.

Behalwe om Senzo af te dank, verskaf:

- EEN ander manier waarop teen hom opgetree kan word
- EEN voorstel om hierdie probleem in die toekoms te voorkom (4)

**INLIGTING:**

**A. Krediteuregrootboek van Epson Handelaars:**

| CANON VERSKAFFERS (KL9) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | **BESONDERHEDE** | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| 2025 Maart | 1 | Rekening gelewer | | | 69 800 |
| | 6 | Faktuur 519 | | 26 300 | 96 100 |
| | 8 | Debietnota 104 | 1 600 | | 94 500 |
| | 14 | EFO 310 | 45 500 | | 49 000 |
| | | Korting | 7 000 | | 42 000 |
| | 15 | Faktuur 202 | | 13 800 | 55 800 |
| | 24 | Faktuur 567 | | 20 000 | 75 800 |
| | 25 | Faktuur 594 | | 17 100 | 92 900 |
| | 31 | Faktuur 610 | | 9 000 | 101 900 |

**B. Rekeningstaat ontvang van Canon Verskaffers:**

| CANON VERSKAFFERS<br>Epson Handelaars<br>Barbertonweg 95 — Datum: 25 Maart 2025 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | **BESONDERHEDE** | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| 2025 Maart | 1 | Saldo | | | 69 800 |
| | 4 | Rente | 400 | | 70 200 |
| | 6 | Faktuur 519 | 23 600 | | 93 800 |
| | 8 | Kredietnota 164 | 1 600 | | 95 400 |
| | 14 | Kwitansie 7710 | | 45 500 | 49 900 |
| | 24 | Faktuur 567 | 20 000 | | 69 900 |
| | 25 | Faktuur 594 | 19 000 | | 88 900 |

**C. Verskille opgemerk:**

(i) Die rente, R400, deur Canon Verskaffers op 4 Maart 2025 op Epson Handelaars se rekening gehef, is korrek.

(ii) Faktuur 519 op 6 Maart 2025 was korrek volgens die rekeningstaat wat van Canon Verskaffers ontvang is.

(iii) Canon Verskaffers het die terugsendings op 8 Maart 2025 foutiewelik geboekstaaf.

(iv) Epson Handelaars het vir korting gekwalifiseer as gevolg van die vroeë betaling van hulle rekening op 14 Maart 2025. Canon Verskaffers het slegs R5 000 korting toegestaan. Hulle het belowe om dit op hulle rekeningstaat vir volgende maand te toon.

(v) Faktuur 202, R13 800, is foutiewelik op 15 Maart 2025 in die Krediteuregrootboek-rekening van Canon Verskaffers geboekstaaf. Die faktuur is van 'n ander krediteur, Baron Verskaffers, ontvang.

(vi) 'n Handelskorting van 10% is op faktuur 594 afgetrek. Canon Verskaffers sal hierdie fout volgende maand regmaak.

(vii) Faktuur 610 het nie op Canon Verskaffers se rekeningstaat verskyn nie omdat die transaksie na die staat se datum plaasgevind het.

**D. Krediteuregrootboek van Epson Handelaars**

| PRIME VERSKAFFERS (KL24) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **DATUM** | | **BESONDERHEDE** | **DEBIET** | **KREDIET** | **SALDO** |
| 2025 | 23 | Faktuur 481 | | 18 000 | 18 000 |
| Maart | 28 | EFO 336 | 18 000 | | 0 |

**30**

**VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE (40 punte; 30 minute)**

2.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee is. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 Verbruiksgoedere wat in die fabriek gebruik word, word as (direkte/indirekte) materiaal beskou.

2.1.2 Waardevermindering op fabrieksmasjinerie word as (veranderlike/vaste) koste geklassifiseer.

2.1.3 Lone betaal aan die kantoorskoonmakers word as 'n (verkoops-en verspreidings/administrasie)-koste beskou. (3 x 1) (3)

2.2 **WOLLIES SE WINTERHANDSKOENE**

Die besigheid vervaardig winterhandskoene. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2025. Die eienaar van die besigheid is Jerry Classon.

Die besigheid het geen goedere-in-bewerking-voorraad nie en alle vervaardigde items word verkoop.

**GEVRA:**

2.2.1 **Verwys na Inligting A.**

Bereken die direkte materiaalkoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (4)

2.2.2 **Verwys na Inligting B.**

Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (9)

2.2.3 Bereken die bruto wins verdien vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (5)

2.2.4 Jerry was tevrede met die prestasie gedurende die huidige jaar en beplan om produksie met 30% in die volgende finansiële jaar te verhoog. Hy is oortuig daarvan dat die vraag sal toeneem as gevolg van veranderende weerpatrone.

- Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunte deur die huidige finansiële jaar se resultate met sy plan vir die volgende finansiële jaar te vergelyk. Verskaf TWEE punte, met syfers. (4)
- Bereken die **verhoging** in die wins wat Jerry verwag om vanaf die jaar geëindig 28 Februarie 2025 tot die volgende finansiële jaar te verdien. (5)

2.2.5 Gee TWEE moontlike redes vir die voorgestelde verhoging in direkte arbeidskoste in die volgende finansiële jaar. Haal syfers aan. (4)

2.2.6 Jerry het 'n verhoging van R304 000 vir totale vaste koste geprojekteer.

- Verskaf TWEE moontlike uitgawe-items wat hy in ag kon geneem het toe hy sy projeksies gemaak het. Gee 'n verskillende rede vir elke geïdentifiseerde item. (4)
- Verduidelik waarom Jerry nie oor hierdie voorgestelde verhoging in totale vaste koste bekommerd hoef te wees nie. Verskaf EEN punt met syfers. (2)

**INLIGTING:**

**A. Direkte materiaalkoste:**

| | METER | KOSTE PER METER (R) | TOTALE BEDRAG (R) |
|---|---|---|---|
| Beginvoorraad | 6 000 | 55 | 330 000 |
| Aankope gedurende die jaar | 24 000 | 60 | 1 440 000 |
| Totaal beskikbaar vir gebruik | 30 000 | **?** | 1 770 000 |
| Eindvoorraad | 4 000 | **?** | **?** |
| Direkte materiaal vir produksie uitgereik | 26 000 | **?** | **?** |

- Materiaal word na die fabriek oorgedra deur die geweegdegemiddelde-metode te gebruik.
- Geen materiaal is vermis of gesteel nie as gevolg van goeie interne beheermaatreëls.

**B. Fabrieksbokoste:**

Die boekhouer het die fabrieksbokoste as R966 360 bereken. Hy het egter die volgende foute gemaak wat reggestel moet word:

(i) Die totale telefoonuitgawe van R36 000 is gebruik in plaas daarvan om 25% aan die fabriek toe te ken.

(ii) Die eindvoorraad van die fabriek se indirekte materiaal is met R2 800 te laag opgegee.

(iii) Die boekhouer het die gedeelte van die skoonmaker se loon korrek aan fabrieksbokoste toegeken. Hy het egter nie die 6% p.j.-verhoging, wat op 1 Januarie 2025 in werking getree het, op die skoonmaker se loon in berekening gebring nie. Die skoonmaker verdien R48 000 p.j. en spandeer die helfte van sy werkstyd in die fabriek.

(iv) Water en elektrisiteit van R25 600 is aan die fabriek toegeken met gebruik van die verhouding 4 **:** 3 **:** 2 vir die fabriek, verkope en kantoor onderskeidelik. Dit moes in die verhouding 5 **:** 3 **:** 2 toegeken gewees het.

**C. Werklike en geprojekteerde koste:**

| | 28 FEBRUARIE 2025 | | PLAN VIR VOLGENDE FINANSIËLE JAAR | |
|---|---|---|---|---|
| | **TOTALE BEDRAG (R)** | **EENHEIDS-KOSTE PER PAAR (R)** | **TOTALE BEDRAG (R)** | **EENHEIDS-KOSTE PER PAAR (R)** |
| Direkte materiaalkoste | **?** | **?** | 1 560 000 | 30,00 |
| Direkte arbeidskoste | 876 000 | 21,90 | 1 300 000 | 25,00 |
| Verkoops- en verspreidingskoste | | | 650 000 | 12,50 |
| Totale veranderlike koste | | 75,00 | | 67,50 |
| Totale vaste koste | | 38,00 | | 35,10 |

**D. Ander inligting:**

| | 28 FEBRUARIE 2025 | PLAN VIR VOLGENDE FINANSIËLE JAAR |
|---|---|---|
| Eenhede vervaardig en verkoop | 40 000 pare | 52 000 pare |
| Gelykbreekpunt | 38 000 pare | 38 400 pare |
| | | |
| Verkoopprys per paar | R115,00 | R115,00 |
| Verkope | R4 600 000 | R5 980 000 |

**40**

**VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE** **(40 punte; 30 minute)**

**HELEN'S ELEKTRONIKA**

Helen Woods is die eienaar van 'n elektronika-winkel wat 'n verskeidenheid elektroniese produkte verkoop. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2025 geëindig. Rekords vir oorfone, televisiestelle, stofsuiers en hoëdruk-spuitmasjiene word verskaf.

**OORFONE**

Die eerste-in-eerste-uit(EIEU)-voorraadwaardasiemetode is van toepassing.

**GEVRA:**

3.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025 deur die EIEU-metode te gebruik. (5)

3.2 Helen het besluit om in September 2024 van verskaffers te verander nadat sy raad by haar suster, die winkelbestuurder, gekry het.

- Verskaf TWEE punte wat daarop dui dat haar klante ontevrede is met die gehalte van die oorfone van die nuwe verskaffers. Haal syfers aan. (4)
- Watter raad sou jy aan Helen gee oor die verandering van verskaffers in die toekoms? Verskaf EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

**A. Voorraadsaldo's van oorfone:**

| | EENHEDE | EENHEIDSPRYS (vraggeld ingesluit) (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| 1 Maart 2024 | 170 | 145 | 24 650 |
| 28 Februarie 2025 | 350 | ? | ? |

**B. Oorfoon-aankope gedurende die finansiële jaar:**

| | EENHEDE | EENHEIDSPRYS (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| April 2024 | 250 | 165 | 41 250 |
| Junie 2024 | 300 | 180 | 54 000 |
| September 2024 | 380 | 135 | 51 300 |
| Desember 2024 | 320 | 140 | 44 800 |
| **Totale aankope** | **1 250** | | **191 350** |

**C. Vraggeld op aankope:**

Oorfone word deur Jiffy Vervoer by die winkel afgelewer teen 'n nie-terugbetaalbare tarief van R20 per eenheid. Die vraggeld op aankope is nie by **Inligting B** ingesluit nie.

**D. Terugsendings:**

80 oorfone wat in Desember 2024 gekoop is, is aan die verskaffers teruggestuur, R11 200.

**E. Verkope:**

| | EENHEDE | VERKOOP-PRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| 1 Maart 2024 tot 31 Augustus 2024 | 680 | 220 | 149 600 |
| 1 September 2024 tot 28 Februarie 2025 | 310 | 220 | 68 200 |
| | 990 | | 217 800 |

**TELEVISIESTELLE**

Televisiestelle se voorraad word deur middel van die spesifieke identifikasiemetode waardeer. Die besigheid het twee modelle (Quantum en Crystal) vanaf 1 Maart 2024, die begin van die finansiële jaar, verkoop. 'n Nuwe TV-model, Limpid, is op 1 Desember 2024 ingebring om die Quantum-TV-model te vervang.

**GEVRA:**

3.3 Bereken die eindvoorraad van die televisiestelle op 28 Februarie 2025. (9)

3.4 Helen was nie tevrede dat sy 'n gemiddeld van 19 Crystal TV's per maand verkoop het nie. Sy is egter bly dat die nuwe Limpid TV's, alhoewel dit 'n hoër verkoopprys per eenheid het, teen 'n vinniger tempo as die Crystal TV's verkoop.

- Bereken die koste van verkope van die Limpid TV's. (3)
- Bereken hoe lank (in dae) dit Helen sal neem om die eindvoorraad van die Limpid TV's te verkoop. (4)
- Helen is van mening dat sy die regte besluit geneem het om die Quantum TV's met die Limpid TV's te vervang. Gee EEN moontlike rede (met syfers) om haar mening te staaf. (2)

3.5 **Verwys na inligting D.**

Verduidelik hoe dit 'n positiewe uitwerking op haar besigheid sal hê. Verskaf EEN punt. (2)

**INLIGTING:**

**A. Beginvoorraad:**

| DATUM | TV-MODEL | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|---|
| 1 Maart 2024 | Quantum | 123 | R4 800 | 590 400 |
| | Crystal | 72 | R6 500 | 468 000 |

**B. Aankope:**

| DATUM | TV-MODEL | EENHEDE | KOSPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|---|
| 1 Julie 2024 | Crystal | 186 | R6 500 | 1 209 000 |
| 1 Des. 2024 | Limpid | 115 | R7 200 | 828 000 |

**C. Verkope vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025:**

| TV-MODEL | EENHEDE | VERKOOPPRYS PER EENHEID (R) | TOTAAL (R) |
|---|---|---|---|
| Quantum | 105 | 5 950 | 624 750 |
| Crystal | 225 | 9 750 | 2 193 750 |
| Limpid | 94 | 10 500 | 987 000 |
| **Totale verkope** | **424** | | **3 805 500** |

**D. Skenking van TV-stelle aan plaaslike skole:**
Helen het die onverkoopte Quantum TV's aan plaaslike hoërskole geskenk.

**STOFSUIERS EN HOË-DRUKSPUITMASJIENE**

**GEVRA:**

3.6 **Stofsuiers:**

- Identifiseer EEN probleem met stofsuiers. Haal syfers aan.
- Wat sal jou raad wees? Noem EEN punt. (3)

3.7 **Hoë-drukspuitmasjiene:**

- Verduidelik TWEE goeie besluite wat Helen geneem het ten opsigte van die spuitmasjiene. Haal syfers aan.
- Verduidelik hoe elke besluit die resultate van 28 Februarie 2025 verbeter het. Verskaf EEN verskillende punt vir ELKE besluit. (6)

**INLIGTING:**

| | STOFSUIERS | | HOË-DRUKSPUITMASJIENE | |
|---|---|---|---|---|
| | 28 FEB. 2025 | 29 FEB. 2024 | 28 FEB. 2025 | 29 FEB. 2024 |
| Bruto eenhede verkoop | 532 | 565 | 704 | 584 |
| Getal eenhede kontant verkoop | 280 | 360 | 398 | 302 |
| Handelskorting op kontantverkope | 5% | 5% | 10% | 5% |
| Getal eenhede op krediet verkoop | 230 | 190 | 270 | 240 |
| Betalingsbeleid vir kredietverkope | 90 dae | 90 dae | 120 dae | 150 dae |
| Rentekoers vir kredietverkope | 18% | 18% | 15% | 18% |
| Terugsendings deur klante (foutiewe eenhede) | 22 | 15 | 36 | 42 |
| % winsopslag | 50% | 60% | 40% | 60% |

**40**

**VRAAG 4: BEGROTINGS** **(40 punte; 35 minute)**

Daisy MacDonald is die eienaar van Canary Winkels wat skoolsakke verkoop. Die inligting is van toepassing op die begrotingsperiode geëindig 31 Julie 2025.

| | |
|---|---|
| **LET WEL:** | Waar kommentaar of verduidelikings gevra word, moet jy:<br>• Tendense met syfers aanhaal |

**GEVRA:**

4.1 Verduidelik hoe die opstel van 'n Kontantbegroting as 'n bestuursinstrument gebruik kan word om die besigheid te help om hulle kontantbronne te bestuur. Noem EEN punt. (2)

4.2 Identifiseer TWEE items in die betalingsdeel van hierdie Kontantbegroting wat nie in die Geprojekteerde Staat van Omvattende Inkomste sal verskyn nie. (2)

4.3 Voltooi die Krediteurebetalingskedule. (9)

4.4 Bereken die ontbrekende syfers **(i)** tot **(iv)** in die Kontantbegroting. (14)

4.5 **Verwys na Inligting F.**

Bereken die vermindering in vloerspasie (in m$^2$) wat gedurende Julie 2025 gehuur word. (5)

4.6 **Verwys na Inligting H.**

'n Nuwe mededinger het gedurende April 2025 in die area ingetrek. Daisy was nie van die mededinger bewus nie, en het in April 2025 nie enige stappe gedoen nie.

4.6.1 Verduidelik die effek van die nuwe mededinger op enige TWEE items in die begrote en werklike inligting vir April 2025. Haal syfers aan. (4)

4.6.2 Identifiseer TWEE veranderinge wat Daisy in Mei 2025 geïmplementeer het in reaksie op die nuwe mededinger. Haal syfers aan. (4)

**INLIGTING:**

**A. Verkope, aankope van voorraad en koste van verkope:**

- **Totale verkope:**

| | |
|---|---:|
| April 2025 | R180 000 |
| Mei 2025 | R202 500 |
| Junie 2025 | **?** |
| Julie 2025 | R270 000 |

- 40% van verkope is kontant; die res is op krediet.
- Die winsopslag is 50% op kosprys.
- Voorraad word op 'n maandelikse basis vervang.
- 20% van aankope is kontant; die res is op krediet.

**B. Krediteure-betalings:**

Na verwagting sal krediteure soos volg betaal word:

- 75% word betaal in die maand van aankope om 5%-korting te ontvang.
- 15% word betaal in die maand na aankope.
- 10% word betaal in die tweede maand na aankope.

**C. Verkoopassistente se salarisse:**

Al die verkoopassistente verdien dieselfde maandelikse salaris. Hulle sal vanaf 1 Julie 2025, 5%-verhoging ontvang. Die besigheid het in Junie twee assistente gehad en sal 'n addisionele een vanaf 1 Julie 2025, teen dieselfde maandelikse salaris as die ander twee na die salarisverhoging, aanstel.

**D. Lening:**

Deel van die lening sal op 1 Julie 2025 terugbetaal word. Rente van 15% p.j. word aan die einde van elke maand betaal en word nie gekapitaliseer nie.

**E. Voertuig- en afleweringsuitgawes:**

- Canary Winkels het afleweringsdienste vir die afgelope twee jaar uitkontrakteer teen 'n persentasie van verkope.
- Die eienaar beplan om 'n afleweringsvoertuig op 31 Julie 2025 te koop. Die besigheid sal 'n 10%-deposito op hierdie datum betaal en die uitstaande bedrag sal oor 36 maande teen R6 875 per maand vanaf 31 Augustus 2025 afbetaal word.

**F. Huuruitgawes:**

Die besigheid huur 180 $m^2$ van die perseel teen 'n vaste koers per $m^2$. Die huuragentskap het die besigheid in kennis gestel van 'n beplande verhoging in die huur per $m^2$ vanaf 1 Augustus 2025. Ten einde huur te bespaar, het die eienaar besluit om die $m^2$ wat gehuur word vanaf 1 Julie 2025 te verminder.

**G. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir Junie en Julie 2025:**

| **ONTVANGSTE** | **JUNIE 2025 (R)** | **JULIE 2025 (R)** |
|---|---|---|
| Kontantverkope | | **(i)** |
| Debiteure-invorderings | 117 450 | 134 325 |
| Rente op vaste deposito | 250 | 250 |
| Vaste deposito verval | | 30 000 |
| **BETALINGS** | | |
| Kontantaankope van voorraad | | 36 000 |
| Krediteure-betalings | 111 300 | |
| Salarisse en lone | **(ii)** | 35 280 |
| Lening-terugbetalings | | **(iii)** |
| Rente op lening | 3 150 | 2 250 |
| Afleweringsuitgawes | | 13 500 |
| Huuruitgawes | 59 940 | 47 952 |
| Deposito vir voertuig | | **(iv)** |
| Advertensies | | 24 300 |
| Diverse uitgawes | 4 950 | 5 100 |

## H. Begrote en werklike inligting vir April en Mei 2025:

| | APRIL 2025 | | MEI 2025 | |
|---|---|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Eenhede beskikbaar om te verkoop/reeds verkoop | 720 | 540 | 900 | 765 |
| Verkoopprys per eenheid | R250 | R250 | R225 | R225 |
| | | | | |
| Totale verkope | R180 000 | R135 000 | R202 500 | R172 125 |
| Totale aankope | R120 000 | R90 000 | R135 000 | R114 750 |
| Bruto wins | R60 000 | R45 000 | R67 500 | R57 375 |
| Advertensies | R9 000 | R4 500 | R18 225 | R15 400 |
| Kommissie | 0 | 0 | R4 050 | R3 443 |
| Afleweringsuitgawes | R7 200 | R6 750 | R10 125 | R8 600 |

**40**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedryfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handel & ander ontvangbare bedrae + Kontant & kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 1 hieronder) | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ (Sien Nota 2 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (Sien Nota 3 hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Tussentydse dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**
1. Handelsvoorraad aan die einde van 'n finansiële jaar kan gebruik word as dit in 'n vraag vereis word. 365 dae is slegs van toepassing indien dit relevant tot die hele jaar is.
2. Kredietaankope kan gebruik word in plaas van koste van verkope (syfers sal dieselfde wees mits voorraad konstant bly).
3. Indien daar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele gedurende 'n finansiële jaar is, word die geweegdegemiddelde getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou

Vertroulik

PLAKKER

**SENTRUMNOMMER**

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENINGKUNDE V2

## GRAAD 12

## MEI/JUNIE 2025

## *SPESIALE ANTWOORDEBOEK*

| VRAAG | PUNTE | PARAAF | MOD. |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | | | |
| 4 | | | |
| TOTAAL | | | |

**Hierdie antwoordeboek bestaan uit 12 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

**VRAAG 1**

**1.1 BTW**

**1.1.1**

| NR. | BEWERKINGS | EFFEK |
|---|---|---|
| | Openingsaldo | 51 500 |
| Voorbeeld | 6 900 – 6 000 | + 900 |
| (i) | 221 720 | |
| (ii) | 12 000 | |
| (iii) | | |
| (iv) | | |
| | BTW BETAALBAAR | |

10

**1.1.2** **Karen wil haar besigheid as 'n BTW-handelaar deregistreer omdat sy nie by die BTW-sperdatums vir indiening van opgawes kan hou nie.**

**Wat sal jou raad aan Karen wees? Noem EEN punt.**

2

## 1.2 KREDITEURE-REKONSILIASIE

1.2.1

| | KREDITEUREGROOTBOEK-REKENING VAN EPSON HANDELAARS | REKENINGSTAAT VAN CANON VERSKAFFERS |
|---|---|---|
| SALDO'S | 101 900 | 88 900 |
| (i) | | |
| (ii) | | |
| (iii) | | |
| (iv) | | |
| (v) | | |
| (vi) | | |
| (vii) | | |
| SALDO'S | | |

14

1.2.2

| | |
|---|---|
| Daar is gevind dat Senzo, die aankoopbestuurder, 'n fiktiewe faktuur geteken het wat van Prime Verskaffers ontvang is. Sy seun se bankbesonderhede het op hierdie faktuur verskyn. Die toepaslike betaling is deur die finansiële afdeling gedoen.<br><br>Behalwe om Senzo af te dank, verskaf: | |
| EEN manier waarop teen hom opgetree kan word | |
| EEN voorstel om hierdie probleem in die toekoms te voorkom | |

4

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 30 |

**VRAAG 2**

**2.1**

| | |
|---|---|
| **2.1.1** | |
| **2.1.2** | |
| **2.1.3** | |

**3**

**2.2 WOLLIE'S WINTERHANDSKOENE**

**2.2.1**

| **Bereken die direkte materiaalkoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**4**

**2.2.2**

| **Bereken die korrekte fabrieksbokoste vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.** | |
|---|---|
| **Foutiewe totaal** | **966 360** |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**9**

**2.2.3**

| **Bereken die bruto wins verdien vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| | |

**5**

**2.2.4** **Jerry was tevrede met die prestasie gedurende die huidige jaar en beplan om produksie met 30% in die volgende finansiële jaar te verhoog. Hy is oortuig daarvan dat die vraag sal toeneem as gevolg van veranderende weerpatrone.**

**Lewer kommentaar op die produksievlak en gelykbreekpunte deur die huidige finansiële jaar se resultate met sy plan vir die volgende finansiële jaar te vergelyk. Verskaf TWEE punte, met syfers.**

4

**Bereken die verhoging in die wins wat Jerry verwag om vanaf die jaar geëindig 28 Februarie 2025 tot die volgende finansiële jaar te verdien.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

5

**2.2.5** **Gee TWEE moontlike redes vir die voorgestelde verhoging in direkte arbeidskoste in die volgende finansiële jaar. Haal syfers aan.**

4

**2.2.6 Jerry het 'n verhoging van R304 000 vir totale vaste koste geprojekteer.**

**Verskaf TWEE moontlike uitgawe-items wat hy in ag kon geneem het toe hy sy projeksies gemaak het. Gee 'n verskillende rede vir elke geïdentifiseerde item.**

| **UITGAWE-ITEM** | | **REDE** |
|---|---|---|
| **ITEM 1** | | |
| **ITEM 2** | | |

| |
|---|
| 4 |

**Verduidelik waarom Jerry nie oor hierdie voorgestelde verhoging in totale vaste koste bekommerd hoef te wees nie. Verskaf EEN punt met syfers.**

| |
|---|
| 2 |

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**VRAAG 3**

**OORFONE**

**3.1** **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025 deur die EIEU-metode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| | |

5

**3.2** **Helen het besluit om in September 2024 van verskaffers te verander nadat sy raad by haar suster, die winkelbestuurder, gekry het.**

**Verskaf TWEE punte wat daarop dui dat haar klante ontevrede is met die gehalte van die oorfone van die nuwe verskaffers. Haal syfers aan.**

4

**Watter raad sou jy aan Helen gee oor die verandering van verskaffers in die toekoms? Verskaf EEN punt.**

2

**TELEVISIESTELLE**

**3.3 Bereken die eindvoorraad van die televisiestelle op 28 Februarie 2025.**

| TV-MODEL | BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|---|
| Quantum | | |
| Crystal | | |
| Limpid | | |
| TOTAAL | | |

9

**3.4**

| Bereken die koste van verkope van die Limpid TV's. | |
|---|---|
| BEWERKINGS | ANTWOORD |
| | |

3

| Bereken hoe lank (in dae) dit Helen sal neem om die eindvoorraad van die Limpid TV's te verkoop. | |
|---|---|
| BEWERKINGS | ANTWOORD |
| | |

4

